

# Saterdag 11 September

Skrifgedeelte: Titus 2:1-15  
(1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Titus 2:13

## God se genade skep verwagting

God se genade skep verwagtinge op die wederkoms van Christus (Tit. 2:13). Jy moet leef in die verwagting op die dag waarop die heerlijkheid van jou God en Verlosser, Jesus Christus, sal verskyn. Die kruis van Christus verander jou verlede en toekoms. As jy terugkyk op jou lewe, sien jy 'n teleurstellende verlede. Jy sien baie skandes, foute en gebreke.

Die genade van Christus vernuwe jou verlede. Jy was haatlik, maar Christus het jou ook in die verlede gereinig. Met die verskyning van God se genade in die verlede het jy 'n nuwe verlede ontvang. God dink nie meer aan jou sondes nie. Hy vergeet dit. Daarom kan jy ook maar, nadat jy jouself voor God verootmoedig het, jou foute teenoor ander erken, die verkeerde dinge in jou lewe vergeet en vorentoe kyk na die nuwe toekoms wat Christus bring. Moenie dat jou verlede jou toekoms versuur nie!

God se genade skep by jou verwagting. God se genade beloof aan jou dinge wat jy nog moet beërwe. Jy leef in die tyd tussen belofte en vervulling. Jy is reeds bevry van die sonde, maar die smet van die sonde sal eers met die wederkoms van Christus heeltemal verwyder word. Jy het reeds deel aan die ewige lewe, maar jy moet nog 'n verheerlikte liggaam ontvang. Jy het reeds deel aan die erfdeel by God, maar jy woon nog nie by God nie. Nog nie al God se beloftes is ten volle vervul nie en daarom het jy nog baie om na uit te sien.

Dit is die uitsien na die toekoms wat jou krag gee vir die hier en die nou, omdat jy weet dat daar vir jou 'n beter toekoms wag. Dit wat vir jou wag, oortref alles wat jy nou ervaar; daarom weeg die lyding wat jy nou verduur, nie op teen die heerlijkheid wat vir jou wag nie (Rom. 8:18). As jy dink aan die groot geskenk van die genade en wat dit alles inhou, dan is al die terugslae in jou lewe maar gering. Wat kan opweeg teen die geskenk van die vryspraak van sondes, die ewige lewe, die ewige erfdeel en die ewige kindskap van God? Jy ontvang baie meer van God as wat jy in die lewe prysgee.

'n Pessimis is 'n mens sonder insig. Hy sien nie die groot geskenk van God se ewige genade raak nie, maar staar homself vas teen die tydelike terugslae in die lewe. 'n Mens met geloofsinsig is 'n blymoedige mens en word gedryf deur dankbaarheid. Die Here wil hê dat jy met blydschap moet terugkyk op jou lewe en sê: "Ek het 'n nuwe verlede." Die Here wil hê dat jy vorentoe moet kyk en sê: "Ek het 'n nuwe toekoms. Ek verwag die gelukkige dag van Christus se verskyning."

Wat is jou antwoord op God se genade? Hoe lyk jou lewe? Lewe jy so dat ander kan glo? Sê jou lewe: "My boodskap is geloofwaardig"?

*Sing: Skrifberyming 1-1:7*

*Ds. P Cilliers (Pierre) (Daniëlskuil/Duineveld)*